# VERANDERING 'N HISTORIESE „WET"

## I

Dit is natuurlik vanselfsprekend om te sê dat die historikus se studieveld die verlede is. Hy rig sy aandag op die verlede wat dan die terrein van sy wetenskaplike arbeid word. Die feit dat die historikus sy aandag op die „verlede" as studieveld kan vestig, onderstreep die feit as vanselfsprekend dat die „verlede" nie „hede" kan wees nie. Ofskoon die „verlede" uit die „hede" geïnterpreteer word,[1] en dus omdat die „hede" in 'n voortdurend vloeiende toestand binne die raamwerk van tydgerigtheid is,[2] die „verlede" voortdurend herinterpreteer word, kan die verlede as werklikheid nooit absoluut benader word nie.

Die „verlede" as aktualiteit is iets anders as die „hede"; dit is wat verby gegaan het en ofskoon onherroeplik in die sand van die tyd verdwyn het, tog bestaan het sodat die hede daaruit kon ontstaan. Die verlede kan nie hede wees nie, anders het ons geen geskiedenis nie, maar 'n voortdurende toestand van ekwilibrium wat eintlik wesentlik onmoontlik is omdat dit empiries net nie 'n indenkbare toestand is dat die mens op die aarde so kan wees nie. Dit kan 'n drang by hom wees om sy historisiteit, d.w.s. sy veranderlikheid binne die raamwerk van tyd te ontvlug en 'n mens kan wel sê dat die mens se voorstelling van 'n nadoodse hiernamaals historiese tyd, d.w.s. fisiese tydsberekening wat oud word en verloop en gevolglik verandering met al sy samevallende menslike kommer en gevoel van nood inhou, laat verdwyn.

'n Mens voel die verlede aan en die historikus roep dit so in die herinnering as 'n toestand wat was, maar verander het en nou nie meer is wat dit was nie, maar dit wat nou is, het in die plek gekom van dit wat was. Die historiese (en dus nie statiese) verlede begin op daardie moment in die tyd waar 'n groep mense en dus nie 'n individu alleen nie, oorgaan tot bewustelike beplanning. Met ander woorde op die oomblik dat die individu sy identiteit onderwerp en laat oplos in die geheel, begin geskiedenis. Die individu buite groepsverband kan geen geskiedenis in dié sin hê nie, want hy konfronteer homself voortdurend en afgesien van die vervulling van sy behoeftes, keer hy voortdurend tot homself en bly sy bestaan 'n ewigdurende sirkelgang binne fisiese tyd totdat hy sterf sonder dat die feit van sy bestaan vir ander van betekenis was. Selfs die biografie — die verhaal van 'n enkele mens — kan alleenlik geskryf word indien dit uit die gemeenskapsverband gedoen word. Dit is dan ook opvallend dat geen definisie van wat ons dan eintlik onder geskiedenis verstaan die mens anders as in sy groepsverband sien nie[3] en dat terselfdertyd hoe verskillend die definisies ookal by historiograwe

1. Van Rooyen, T. S.: In die ban van die tyd. *Historia,* September 1963, pp. 150-160.
2. Ibid.
3. Bauer, W.: *Einführung in das studium der Geschichte,* Frankfurt, 1961, p. 17.

lui, het elke definisie die feit dat dit om *verandering* gaan, in gemeen. Simplisties gestel gaan dit om die mens (nie in sy singulêre vorm nie) in aksie waardeur die individu sy individualiteit aan die groep waartoe hy deur geboorte of deur 'n wilsbesluit, onderwerp, prysgee. Dit is dan ook 'n merkwaardige verskynsel dat die individu, tenspyte van sy menswees sy individualiteit (sy essensie as eksistensiële wese)[4] sy verantwoordelikheid binne die groep nie kan ontsnap nie[5] en deur sy onderwerping daaraan — vrywillig of deur gemeenskapsdwang — deel word van 'n begrip soos *staat, volk, nasie, party, beskawing, kerk, sekte, stam.* Die aandag van die historikus word dan gevestig op die verandering wat daar in *tyd* binne 'n bepaalde volk, nasie, party, beskawing, kerk, sekte, stam, ens. plaasgevind het. Het daar geen *verandering* plaasgevind nie, sou hede en verlede dieselfde gewees het en sou ons geen „geskiedenis" gehad het nie. Geskiedenis is voortdurende verandering.[6] Dit is die rekord van onafgebroke verandering en omdat dit die mens alleen beskore is om geskiedenis te maak en 'n „geskiedenis" te hê, word geskiedenis as verandering as 'n inherente deel van die lewe gesien en erken.[7]

Die historikus beskryf die verandering en hy gaan na (interpreteer) die redes (oorsaak) van die verandering. Dit is interessant om daarop te let dat hierdie hoofsaaklik tweeledige funksie van die historikus dan ook die noodsaaklike studieveld van die geskiedfilosofie geword het, nl. as die voorwaardes vir die interpretasie (beskrywing) van die verlede en die kousaliteits- (oorsaaklikheids-) vraagstuk. Ten eerste gaan dit om die voorwaardes van 'n rekonstruksie van die verlede (metodologies) en gevolglik na die kennisteoretiese grondslae van die verlede as aktualiteit en ten tweede na die kousaliteitsvraagstuk d.w.s. die verlede word as werklikheid (aktualiteit) aanvaar en 'n ondersoek word ingestel na die „oorsaak" (kousaliteit) van verandering.

## II

Rickert[8] het daarop gewys dat die hoofverskil tussen die kulturele (geestes-) en natuurwetenskappe daarin geleë is dat die kulturele wetenskappe 'n individualiserende wetenskap is d.w.s. 'n wetenskap is wat 'n einmahlige menslike verskynsel m.a.w. nooit weer herhaalbare verskynsel, ondersoek en vaslê, terwyl die natuurwetenskaplike 'n verontindividualiserende d.w.s. 'n wetenskap wat algemeen geldende reëls vaslê, beoefen. Dit is ooreenkomstig die klassieke opvatting dat die natuurwetenskap nie plekgebonde is nie, dat dit veralgemeen, d.w.s. algemeen geldende reëls (wette) neerlê en dat die kulturele (geesteswetenskappe) 'n eenmalige verskynsel in tyd en ruimte ondersoek en dus nie algemeen geldende

4. Sartre, Jean Paul: *Existentialism,* New York, p. 22.
5. Ibid.
6. Einstein, L.: *Historical Change,* Cambridge, 1946, p. 1.
7. Ibid, p. 111.
8. Rickert, H.: *Science and History — A Critique of Positivist Epistemology,* 1962.

reëls (wette) kan postuleer nie. Die natuurwetenskappe probeer dus algemeen geldende wette wat in die wêreld om ons aanwesig is en nooit verander nie, te ontdek en is dus „objektief" van aard terwyl die studie van die mens interpreterend en „verstehend" is volgens Dilthey.[9] Maar is die natuurwetenskaplike besig om die wette van die natuur te ontdek of is hy besig om sekere verskynsels wat veelvoorkomend is as werkende hipotese te postuleer sodat hy die postulaat kan aanwend om sy omgewing te verklaar? Ptolemeus se interpretasie van die heelal as werkende verklaring is vir eeue gehandhaaf totdat dit vervang is deur die Kopernikaanse interpretasie, terwyl Einstein met sy relatiwiteitsteorie die klassieke fisika as metode om die natuur te verklaar, omver gewerp het. Die werkswyse van die natuurwetenskaplike is om die voorwerp van ondersoek te observeer en dan 'n hipotese te postuleer. Die hipotese word teen verdere observasies geverifieer en as die hipotese voldoende gehandhaaf word, word dit 'n teorie genoem en as die teorie eksperimenteel gehandhaaf word, word dit 'n natuurwet genoem wat algemeen geldende waarheid inhou. Die wetenskaplike is dus nie besig om die wette van die natuur te ontdek nie maar hy versamel in werklikheid bewysmateriaal vir wat hy *bereid* is om op daardie oomblik 'n wet van die natuur te noem — 'n voorspelbare resultaat van 'n gegewe oorsaak.[10] Wysgeërig-antropologies gesien, is die mens se beoefening van die natuurwetenskappe en sy aanwending van die resultate daarvan in werklikheid nie slegs die mens se aanpassing by die natuur*umwelt* nie maar 'n inkorporasie, 'n inlywing van die wêreld by die mens.[11] „Deze mens ziet en kent de wereld. Dat is nimmer een simpel registreren, maar vergt altoos het interpreteren. De mens, die een simpel ding beziet, ervaart daarin iets van zichzelf en zijn medemensen. Als werkelijk gegeven ding beziet hij het als iets, dat ook voor anderen aanwezig is, de kleuren doorleeft hij in verband met de emotionele en existentiële betekenis, die zij binnen een bepaalde cultuur hebben, de wijze waarop hij verleden en toekomst van dat ding benoemt hangt eveneens met zijn cultuur samen, wat hij ervan als feitelijk gegeven omschrijft, word door de stand van wetenschap bepaald, de diepe zin, die hij eraan toeken door zijn religieuse overtuiging".[12]

Hierdie eksistensiële siening van die mens binne sy *umwelt* wat hy eers tot begryplike gegewene vergestalt ooreenkomstig sy verstaan van homself as mens plaas die beoefening van *alle* wetenskappe uiteindelik binne die kader van waardebelaaide oordeel. Die waardebelaaide grondbou van die wetenskap is by elke beoefenaar van die wetenskap aanwesig en nie in die fenomeen wat bestudeer word nie. Daardeur verval ten dele die onderskeid wat Maurice Mandelbaum asook Rickert tussen die natuurwetenskappe en die sosiale (kulturele) wetenskappe gemaak het.

9. Vgl. deel VII van Dilthey se *Gesamelte Schriften*.
10. Cuneo, E.: *Science & History*, London, 1963, p. 9.
11. Van Peursen, C. A.: *Filosofische Oriëntasie*, Kampen, 1958, p. 252.
12. Van Peursen, p. 252.

Mandelbaum se uitgangspunt is dat die onderskeid tussen die natuurwetenskappe en die kulturele wetenskappe daarin geleë is dat eersgenoemde te doen het met „non-mental and non-valueladen phenomena" terwyl die kultuerele wetenskappe waardebelaaid en gevolglik subjektief is.[13]

In alle wetenskapbeoefening is die subjektiewe en dus waardebelaaide uitgangspunt by die wetenskaplike en nie by die fenomeen wat bestudeer word nie. In die Geskiedeniswetenskap, wat hom op die verlede rig, het ons as fenomeen 'n stukkie verbygegane werklikheid wat in die tyd gestol het en deur die historikus tot lewe herroep word, maar die interpretasie van die feitemateriaal wat voorhande is, is noodwendig subjektiefgelaai en nie die feitemateriaal (fenomeen) self nie.

Heuristiek is die vasstelling van die dokumentêre (feitemateriaal) gegewens en die interpretasie (Hermaneutiek) is die uiteindelike maar tog belangrikste funksie van die historikus. Interpretatiewe arbeid is in werklikheid veralgemening gebaseer op 'n hipotese wat uit die heuristiese arbeid voortvloei en voortdurend teen die feitermateriaal getoets (geverifieer) word om tot verdere geldende interpretasie te kom. In dié geval word 'n oorspronklike hipotese uiteindelik 'n „wet" wat geldend is vir die besondere historiese verskynsel (fenomeen) wat ondersoek word. In dié sin is die historikus wanneer hy die verlede interpreteer (herskep) voortdurend besig om hipoteses wat tot algemeen geldende waarhede (wette) verhef is deur vorige ondersoek, op sy feitemateriaal toe te pas. Wat hy dan in werklikheid doen is om na 'n gedeelte van die verlede te kyk wat onverklaarbaar sal bly indien een van daardie herhaalbare verskynsels wat as 'n wet omskryf word, nie as hipotese gebruik word nie. „The historian will not be looking for a confirmation of his law by events. He will be looking for events as yet unknown to him but suggested by the law which he believes to be true".[14]

Hierdie algemeen geldende „wette" neem die historikus o.a. oor uit die sogenaamde „hulpwetenskappe".[15] So byvoorbeeld wanneer die sosiale antropoloog sy hipotese oor die begrip *akkulturasie* verifieer deur die toetsing daarvan aan sy feitemateriaal, in die geval oor 'n wye gebied en nie beperk tot 'n spesifieke tyd nie, word die resultaat van ondersoek deur die historikus as werkende hipotese gebruik waarbinne hy sy feitemateriaal selekteer en interpreteer. En omdat hierdie „wet" dan nie tyd-ruimtelik gebonde is nie, dra dit die element van wetenskaplike voorspelbaarheid en kan dus funksioneel aangewend word vir huidige situasies.

14. Renier, G. J.: *History, its Purpose & Method*, London, 1961, p. 223.
13. Mandelbaum, M.: *Historical Explanation. The Problem of Covering Laws, In History and Theory*, 1, 3 (1961), p. 229.
15. Bauer, p. 163.

## III

Die resultate van die historici se arbeid oor 'n lang tydperk kan ook ondersoek word en algemeen voorkomende patrone wat daaruit afgelei word, kan ook as geldende patroon dien waarbinne die historikus daarna sy feitemateriaal selekteer en interpreteer. Dit is as 't ware asof die historikus met 'n teleskoop na die verlede kyk, die resultate van die navorsing as feitelike gegewer neem, en enige hipotese wat daaruit ontstaan of reeds by hom aanwesig is as bv. in die vorm van oortuiging of filosofiese beginsel, aan die historiese feit toets en waaruit dan 'n algemeen geldende formulering ontstaan. Die twee groot opvattings oor waarheen die mens beweeg, het ook so ontstaan. Die eerste is die siklusteorie wat by die Grieke ontstaan het.[16] Hulle het geglo dat wat in die verlede gebeur het, in die toekoms herhaal sal word. Hierdie opvatting is later deur die sewentiende eeuse Neapolitaan Giambatista Vico (1668-1744) as 'n spiraalteorie herpostuleer — spiraal om die onder godsdienstige dwang van altyd hoër na Gods koninkryk as bykomende opvatting te handhaaf. Ons kry dit weer terug by die Duitse filosoof Nietsche (1844-1900) en die bekende Oswald Spengler (1880-1936) wat aan die begin van die twintigste eeu die wêreldaandag geniet het met sy *Untergang des Abendlandes* (1914). Hy stel dit dat die Weste die boog van die sirkel bereik het en onafwendbaar sy ondergang tegemoetgaan.

Die Christelike reaksie teen die siklusteorie het van die kerkvader Augustinus (354-430 n.C.) gekom wat die liniêre teorie in tyd gepostuleer het. Die geskiedenisverloop beweeg liniêre nooit terugkerend in tyd. Hierdie opvatting is deur die meeste Westerse denkers aanvaar met die verskil dat die Christene 'n uiteindelike eindpunt naamlik die Wederkoms aanvaar, terwyl by nie-Christen denkers soos Voltaire (1694-1778) geen eindpunt gepostuleer word behalwe en indien die mens deur sy eie toedoen of deur 'n natuurlike katastrofe vernietig word nie.

Ofskoon die liniêre teorie as reaksie op die nie-Christelike siklusteorie gekom het, het die reeds bekende Toynbee wat sterk onder invloed van Spengler geskryf het[17] en tog sterk godsdienstig ingestel is, die twee teorieë gekombineer en dit as 'n strydwa voorgestel. Die wiele draai voortdurend en word vergelyk met o.a. die verskillende staatsvorme wat hulself seriatim in tyd herhaal terwyl die strydwa as sulks die toekoms in beweeg.

Ofskoon die liniêre teorie as reaksie teen die siklusteorie gekom het, het hierdie twee teorieë tog dit in gemeen gehad dat die geskiedenis as 'n verloop as *verandering* gesien word. Geskiedenis-as-verandering is 'n hipotese wat aan die feitemateriaal getoets word en wat as algemeen geldende wet gepostuleer word.[18] Ons kennis van die geskiedenis gaan

16. Den Boer: *Gestalten der Geschiedenis,* Den Haag, p. 23.
17. *A Study of History,* tien dele waarvan die eerste deel reeds in 1934 verskyn he
18. Renier, p. 228.

sowat vyfduisend jaar in die verlede terug d.w.s. tot by die ontstaanstydperk van die Nyl- en Eufraat-Tigrusbeskawings. Ons voorstelling van hierdie vyfduisendjarige geskiedenis is van nasies, ryke en mense wat voortdurend in beweging is en enige navorsing en interpretasie van die geskiedenis word binne die konsep beweging of verandering gedoen. Dit is daarom ook soos ons aan die begin gesê het dat alle definisies van wat ons onder Geskiedenis verstaan, „verandering" as gemene deler bevat.

Dit is uiters moeilik om presies te sê wat onder *hede* bedoel word. Waar hede eintlik die teenpool van *verlede* vorm, is die hede nog nie geskiedenis nie en is dit, gesien uit die standpunt dat die hede uit die verlede voortgevloei het, as die verlengde stuk van tyd, waarop die mens op 'n bepaalde oomblik sy omgewing ervaar deur dit te „sien" „voel" of selfs „ondervind". *Hede* is gevolglik net 'n oomblik in die tyd en word voortdurend binne 'n breuk van 'n sekonde tot die totale herinnering van die verlede toegevoeg. Anders gestel kan ons dit soos Renier[19] formuleer dat die *hede* daardie deel van die tyd is waarvan ons 'n gevoel het dat dit nog nie in die verlede in geabsorbeer is nie. Kennis van die Geskiedenis kan as 'n toevoeging tot die persoonlike herinneringslewe beskou word waar die persoonlike herinneringslewe 'n beperkte tydsafstand het en die kennis van die Geskiedenis die hele menslike Geskiedenis in die geheue van die individu sentreer en hy hom bewus word van deel te wees as 'n punt in die tyd van die mens se vyfduisendjarige verlede.

Die vyfduisendjarige „geskiedenis" van die mens beteken gevolglik aaneengeskakelde momente in die tyd, elke moment 'n bewuste *hede* vir 'n flitsende oomblik waarna daardie *hede* dan teruggestoot word in 'n altyd verlengde *verlede* tot op die moment wat hierdie woord geskryf of gelees word. Die *hede* met sy lewe en beweging, sy hoop en verwagting het dan elke oomblik gestol en deel geword van die verlede omdat die hede anders is as die verlede en die *hede*, hede is omdat die verlede *verander* het.

## IV

Wanneer langs die menslike verlede (sy geskiedenis) af beweeg word deur *studie* dan word jy jou ook bewus van die feit dat die veranderingsproses nie 'n konstante tempo gehad het nie. In sy geheel gesien kry mens die indruk dat die veranderingsproses 'n steeds versnellende tempo getoon het. Veral gedurende die afgelope honderd-en-vyftig jaar is die tempo besig om al sneller toe te neem. Dit word hoofsaaklik toegeskryf aan die Industriële Rewolusie wat in die Weste ontstaan het[20] en waardeur die blankes in staat gestel is om tot na 1945 die res van

19. Renier, p. 100.
20. Cuneo, p. 4.

mense buite die bepaalde gebied waarin dit plaasgevind het, betrek. Vandag weet ons onmiddellik as daar iets van historiese belang iewers op die aardbol gebeur. Ons aandag word deur die wêreldwye kommunikasiesisteem onmiddellik op die gebeure gevestig en ons is onmiddellik by die gebeurtenis betrek. As daar 'n beslissing in Moskou, New York of Peking gefel word, voel ons onmiddellik aan dat ons belang het daarby, dat dit ons op ene of ander wyse gaan beïnvloed, betrek.

Die historiese veranderingsproses is in bogemelde sin nie meer tot 'n staat, tot aangrensende state, tot 'n bepaalde kontinent, beperk nie. Die menslike groepe wat in hul oervorm as stamgroepe gefunksioneer het en later as nasionale of staatsgroepe, het deur hul isolement as gevolg van die aanwending van die tegniek gebreek. Groepsisolasie binne historiese verband, d.w.s. dat die historiese gebeure tot die bepaalde groep beperk is, is vandag eenvoudig ondenkbaar. Terselfdertyd het die historiese veranderingstempo 'n altyd vinniger wordende tempo vertoon.

Die historikus skryf die verhaal van die verlede teen die agtergrond van hierdie veranderingsvoortgang. Sy feitemateriaal staan in verband met hierdie voortgang, is in wese 'n illustrasie van die historiese veranderingsproses. Hierdie veranderingsproses vorm vir die historikus 'n verstaanbare patroon, anders sou dit vir hom onmoontlik gewees het om die verlede te interpreteer. Die probleem kom natuurlik na vore in die vraag of die historiese verloop (of veranderingsproses) binne die raamwerk van historiese tyd in wese 'n verstaanbare patroon vorm en of dit nie maar die historikus is wat op 'n bepaalde punt in die tyd staan en daarvandaan uit die verlede interpreteer, wat die verstaanbare patroon aan die verlede toeken nie.[22] Die vraag of die verlede verstaanbaar gemaak kan word deur die historikus omdat dit in werklikheid 'n verstaanbare proses is en juis vanweë sy verstaanbaarheid (intelligibility) die historikus tot verstaanbaarheid dwing, val egter buite die bestek van hierdie artikel.

'n Verdere ondersoek van die veranderingsproses toon egter dat die veranderingsproses oor die vyfduisendjarige tydperk van bekende menslike geskiedenis, nie 'n egalige versnellingstempo toon nie. Garraghan[23] onderskei tussen organiese periodes en kritiese periodes. 'n Organiese periode is 'n stadige veranderingsproses wat nouliks oor kort tydsafstande merkbaar is en oor groot tydsafstande waargeneem moet word. 'n Kritiese periode is weer 'n snelle veranderingsproses. Wat laasgenoemde betref moet 'n mens egter weer onderskei tussen versnelde tempo soos wat deur die tegnologie gedurende die negentiende en twintigste eeu teweeg gebring is en kritiese verandering wanneer daar binne 'n baie kort tydsafstand veranderinge plaasvind wat gewoonlik anti-teties is t.o.v. die bestaande toestand in tyd en wat gewoonlik met selfs veel bloedvergieting gepaard

22. Van Rooyen, t.a.p.

23. *A Guide to Historical Method*, 1951, p. 24.

gaan. 'n Voorbeeld hiervan is natuurlik die Franse Rewolusie, wat toe dit in 1789 uitbreek, as doel gehad het die *vernietiging* van die bestaand orde, d.w.s. die bestaande organiese in tyd geleidelik veranderde toestand. Die bekende Duitse filosoof, Hegel (1770-1831) wys egter daarop dat ofskoon die indruk geskep word dat die kritiese (rewolusionêre) periode oënskynlik 'n volkome breuk met die verlede is, die verlede soos dit hom vergestalt in die kultuurproduk en die denke van die mens, so sterk aanwesig bly, dat die denkvorme soos dit uit die verlede aanwesig is by die mens, die verdere ontwikkelingspatroon beïnvloed en daar in werklikheid 'n sintese tussen die oue en die nuwe plaasvind.[24] Alle historiese voortgang vind vir hom trouens op hierdie patroon plaas. Die rewolusie of kritiese periode van Garraghan is dan vir hom alleenlik maar 'n meer uitspattige vorm van verandering. Hierdie voortgang word volgens hom deur „das Absolute als Weltgeist, zu dessen Wesen die Bewegung und also auch die Geschichte gehört",[25] beheer, of veroorsaak.

Alle verandering, of dit nou organies of krities is, dui terselfdertyd wanneer dit deur die historikus bestudeer word, rigting aan, maar vir die mens wat binne daardie bepaalde veranderingsproses in tyd staan, is die rigting alleenlik binne die kader van die moontlike voorspelbare. Hy is, op daardie bepaalde punt in die tyd, bewus van die feit dat enige verandering uit 'n beslissing wat deur hom gefel word, vloei. Maar nou ontstaan die wesentlike vraag waarom die mens voortdurend beplan en nuwe beslissings moet fel. Op 'n bepaalde punt in die tyd beplan die mens met die oog op die realisering van 'n toestand omrede sy ontevredenheid met of die onhoudbaarheid van die posisie waarin hy as groep verkeer. Hy is dus toekomsgerig en hier praat ons dan van die profetiese bewussyn van die mens. Maar nadat daar beplan is en beslissings gefel is, ontstaan weer eens 'n toestand waarmee die mens uiteindelik nie tevrede is nie en waarteenoor hy homself gekonfronteer voel. Die vraag na die waarom van voortdurende beplanning en konfrontasie plaas ons binne in die vraagstuk van die kousaliteitsleer of oorsaaklikheidsleer waaroor daar al veel geskryf en besin is.

Feit is dat dit 'n eienskap van die mens is om te beplan en beslissings t.o.v. 'n situasie te fel. In daardie sin veronderstel hy dat hy sy toekoms beheer. Elke beslissing ooreenkomstig 'n vooropgesette ideaal veronderstel of poneer 'n uiteindelike Utopie. Elke politieke stelsel wat die wêreld nog geken het, het dit as uitgangspunt. Die beslissings wat hieruit vloei word dan die bronnemateriaal van die historikus waardeur hy die bepaalde stuk verlede wat hy wil ondersoek, vergestalt. Dit is binne hierdie raamwerk van gelewerde beslissings en interpretasie daarvan deur die historikus waarin die historiese wêreld homself openbaar. Soos Karl Löwith dit gestel het „The man of today does not live essentially within the bounds of nature; he *exists* (ek kursiveer) within the horizon of history".[26] Die

24. Löwith, Karl: *von Hegel zu Nietsche*, Stuttgart, 1950, p. 44-50.
25. Ibid.

„horison van die geskiedenis" word dus essensieel deur die mens self geskep. Hy bestaan binne hierdie horison en hierdie horison se bestaan is uiteindelik afhanklik van die eienskappe (soos vermoë, denke, moontlikheid van beslissings fel, ens.) van die mens self. Maar soos die historiese veranderingsproses sy voortgang toon, raak die „horison waarin die mens beweeg" al meer ingewikkeld en ontwikkel die mens die vermoë (deur die aanwending van die tegniek, ens.) om dit vir hom voortdurend verstaanbaar te maak. Hierdie vermoë is inherent in die mens aanwesig want iets wat nie by die mens aanwesig is nie, kan nie tot uiting kom nie. Hierdie eienskap is volgens Sartre deel van die essensie van die mens en bestaan hy binne 'n voortvloeiende horison. Gevolglik moet ons aflei dat die bestaan (existence) van die mens binne 'n selfgeskepte horison van voortdurende voortvloeiing (verandering) die essensie (wese) van die mens bepaal. Sy wese is gevolglik alleen verstaanbaar vanuit 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis, maar omdat 'n tydsmoment wesentlik binne 'n voortdurende voortvloeiing-in-tyd (verandering-in-tyd) nie begryp kan word nie, sal die wese van die mens in werklikheid nooit verstaan kan word nie.

Die individu verloor in werklikheid sy individualiteit deurdat hy homself met 'n groep-gemeenskap, party, staat, nasie — wat in beweging is, bewustelik of onbewustelik identifiseer. Hy kan nie daarbuite staan nie, anders staan hy buite die geskiedenis.[27] Ofskoon daar sprake is van die individu se vrye wil en persoonlikheid — of individualiteit — versmelt dit steeds of gaan steeds op in die groep-in-beweging. *Mens* dui gevolglik in die Geskiedenis steeds 'n versamelnaam aan, dit kan geen individualiteit aandui nie. Ons sê dan ook dat die volksheld „die volk verpersoonlik". Die individu word in werklikheid in vele groepsidentiteite ingebore.[28] Hy is outomaties deel van 'n huishouding, stad, provinsie, nasie. Soos hy ouer word, identifiseer hy hom bewustelik met ander groep-eenhede in tyd soos byvoorbeeld 'n politieke party, maar sy bewustelike identifikasie met so 'n groepseenheid is weer eens histories gekondisioneer in dié sin dat die beslissing afhang van toestande wat voorafgegaan het. Baie oudstryders in Transvaal het bv. die ou S.A.P.-party aangehang omdat hulle onder wyle genl. Botha gedurende die Tweede Vryheidsoorlog gedien het en nie vanweë die besondere politieke beleid van die Generaal nie. Die Geskiedenis verontindividualiseer die mens. Wanneer die individu hom met die groep geïdentifiseer het, is hy veelal onbewus van die totale omvang van die begewing-in-tyd wat daardeur bewerkstellig is.

27. Löwithlesing, t.a.p.

## V

Wat verder van belang is, is dat ofskoon die mens voortdurend beplan, die resultaat-in-tyd nooit is wat beplan is nie. As ons die

26. Löwith in 'n lesing te Fort Hare, April 1963.
28. Cuneo, p. 88.

beslissing en toekomsideale van die negentiende eeuse mens nagaan, vind ons nie dat hy daarin die twintigste eeuse mens gekonsipieer het nie. Indien dit so is, en die verloop van die Geskiedenis dui daarop, dan is die veranderingsverloop 'n proses wat buite die menslike beslissing plaasvind, terwyl die historikus weer, deurdat hy onbewus die gebeureverloop vanuit sy tyd teruglees, steeds 'n oorsaaklike verband soek en uiteindelik veronderstel tussen die beslissing wat gefel is, en die resultaat van die gebeurtenis wat op die beslissing gevolg het. Dit impliseer voorspelbare gevolg op 'n beslissing, terwyl die historiese werklikheid anders is. Waar die individu in die groep waarmee hy hom geïdentifiseer het opgaan, het die verloop in tyd van die groep 'n eie rigting en duur in tyd en ruimte wat nie met die individu identifiseerbaar is nie. Spengler het selfs 'n kultuureenheid 'n mono-morfologiese eienskap toegeken waardeur die kultuureenheid 'n voorspelbare groei en nedergang sou hê sonder dat dit enige akkulturatiewe eienskappe vertoon d.w.s. die eienskap om van ander kultuureenhede oor te neem. Kultuureenhede het volgens hom hulle eie besondere struktuur van binne af uit in tyd en ruimte en is hul groei en nedergang morfologies vergelykbaar. Die individu bepaal nie die rigting van beweging nie, maar sy beslissings wat skynbaar op sy individualiteit as mens dui is dan eintlik 'n meegaan met die stroomrigting waarin die kultuur beweeg in tyd en ruimte.

'n Staat is volgens A. Stern 'n groep mense wat hulle tot 'n besondere eenheid gebind het vanweë 'n gemeenskaplike identiteit (waardesisteem). Hieruit het die konsep nasie ontstaan. Die bindende faktor is dus geestelik en nie materieel van aard nie en is nie 'n groepseenheid wat bepaal is deur bloed, taal of selfs die grondgesteldheid nie. Uit die groep wat hom gaandeweg as nasie kenmerk kan *mettertyd* bloed en taal as bindende faktor geld deurdat hulle 'n gemeenskaplike taal ontwikkel en deur ondertrouery eenselwige kleur (bloedgroep) vorm. Dit word dan deel van hul bindende waarde-oordeel.

Die skep van nuwe idees en beginsels maak 'n nasie histories, gee hom „geskiedenis", maar die nuwe idees en beginsels word deur die geskiedenis gestimuleer. Wanneer daar van binne uit geen verdere idees of doelstellings daargestel word nie wat die individuele lede van die nasie verder saambind en hul gedagtes op die toekoms projekteer nie, dan stagneer so 'n nasie as kultuurgroep en sterf uiteindelik soos wat met die ou egiptiese beskawing gebeur het. Die ou waardes wat uitgekristalliseer het bly 'n ruk van krag en verdwyn dan mettertyd.[29] Volgens Stern kan die geskiedenis van so 'n groep dan omskryf word as 'n reeks pogings om 'n kollektiewe projek uit te voer en om die waardes wat daarin intrinsiek aanwesig is te realiseer of te verwerklik. Elke verwerkliking van 'n kollektiewe projek het as eindresultaat uitkristallisering van nuwe waardes.[30] Daarom is geskiedenis dan ook 'n verryking van

29. Stern, A.: *The Philosophy of History and the Problem of Values*, 'S-Gravenhage, 1962, p. 224.
30. Ibid.

die mens deur die toevoeging van waardes. Indien so 'n waarde wat geprojekteer word nie versoenbaar is met die behoeftes van die lewe nie en nie menslik gesproke bereikbaar is nie, sal dit ook tot stagnasie lei. Ofskoon intrinsieke waardes dus deur die geskiedenis ontwikkel word, is hulle nadat hulle uit die geskiedenis uitgekristalliseer het, trans-histories in die sin dat dit daarna toeganklik is vir individue en groepe buite die besondere nasie waarin dit ontwikkel het[31] en gevolglik verandering stimuleer.

In dié sin is die primitiewe mens in stamverband pre-histories want by hom kristalliseer daar nie nuwe waardes uit nie maar bestaan die groep se „geskiedenis" uit 'n voortdurende sirkelgang van geboorte, sterfte en kosvoorsiening en word die kohesie van die groep verseker deur aan 'n oorspronklike mite vas te kleef. Met ander woorde daar vind nie van binne af uit 'n bewustelike of onbewustelike drang na verandering plaas nie.

'n Nasie of kultuurgroep se geskiedenis vind egter nooit in isolasie plaas nie. Sy ruimtelike aktiwiteitsveld kom uiteindelik in aanmerking met 'n ander groep se aktiwiteitsveld. Die omvang van 'n nasie se aktiwiteitsveld hou verband met die innerlike bindingskrag wat in die uitkristalliserende waarde opgesluit lê en wanneer die aktiwiteitsveld van twee groepe in aanraking met mekaar kom of selfs oorvleuel vind daar teenpoolstelling en dus botsing plaas. Enige oorlog wat uit so 'n aanraking voortvloei kan as 'n soort her-balansering van magte beskou word waardeur bykomende waardes geprojekteer word en dus die drang te laat ontstaan om nuwe of bykomende waardes uit te kristalliseer.

Hierdie waardes wat as doelstellinge dien, kom as te bereikte ideale voor wat nou omskryf (geformuleer) word as 'n ideologie. Jaspers het 'n ideologie iewers omskryf as 'n kompleks van idees of opvattings wat voorgestel word as 'n absolute waarheid waardeur die wêreld en die individu se situasie verstaanbaar gemaak word. Dit is dus eksklusief in dié sin dat dit weier om die wêreld anders te interpreteer as deur middel van die ideologiese voorstelling. Enige oorlog binne die groepskring (burgeroorlog) of tussen aan mekaar grensende groepe in die sin dat hul aktiwiteit hul in aanraking met mekaar gebring het, beteken ook 'n deurbraak deur die grense van die ideologieë waardeur dit omvorm word tot ander ideologiese voorstellings wat weer uitgekristalliseer moet word.

Wilhelm Schmidt[32] het die inwendige verandering wat 'n nasie of kultuurgroep deurgaan ter verwerkliking van die geprojekteerde ideaal as 'n suksessiewe verandering beskryf. Suksessief in dié sin dat die veranderingsproses organies of krities uit die groep self spruit en daar gevolglik 'n duidelike kontinue verband tussen die veranderingsproses getrek kan word. Waar daar 'n geweldadige binnedringing — gewoonlik deur oorlog — van buite af plaasvind, vind daar 'n skielike verandering van

31. Ibid., p. 203.
32. *Die Kultur Historische Methode der Ethnologie*, t.a.p.

die rigting van beweging plaas of kan die groep selfs vernietig word. Hierdie skielike rigtingsverandering word veroorsaak deurdat die oorspronklike geprojekteerde waarde in die vorm van 'n ideologie noodgedwonge elemente van die nuwe daarin integreer. Dit word dan 'n disruptiewe verandering genoem. Maar selfs die oorwinnaar neem elemente van die oorwonnene in sy ideologie op al is dit geleidelik sodat oor 'n lang tydperk gemeet, die rigtingsverandering tog merkbaar is.

'n Samekoms van groepseenhede versprei gevolglik die aktiwiteitsgrense van die geïdentifiseerde waardes oor 'n groter oppervlakte. Dit gaan natuurlik gepaard met 'n verandering in die groepwaarde self. Terselfdertyd kan die oorspronklike groepwaarde behoue bly. Byvoorbeeld indien een nasie deur 'n ander oorwin word maar nie vernietig word nie en ook nie versprei word nie, sal die nasiegroep binne die kring van die nuwe struktuur waarin hy hom bevind voortduur en sal die wisselwerking tussen die groep en die heersersgroep tot 'n veranderingsrigting aanleiding gee wat vasgestel kan word en is die bestaan van die groep binne die oppervlakte of gebied waaroor die oorwinnaar nou homself laat geld, ook bepalend vir die rigting van verandering waarin die gehele struktuur in die vorm van 'n ryk of soos dit in Brittanje se geval was, 'n statebond, beweeg. Die groter eenheid wat uit 'n kleiner groep eenhede saamgestel is waarin een besondere eenheid domineer, beteken dan in werklikheid dat 'n herkombinasie van sisteme plaasgevind het waardeur die groter eenheid omlyn en geïdentifiseer kan word.

'n Groep wat in isolasie bestaan, gaan op in 'n eie ontwikkelingsrigting tot dit in aanraking kom met 'n ander groep waardeur die veranderingsrigting oor 'n groter oppervlakte versprei en die rigting van die groter entiteit waarbinne die twee groepe afsonderlik of oorvleuelend kan voortbestaan, en wie se veranderingsrigting bepaal word deur die grotere sfeer waarin hulle beweeg of in opgaan, dus ook beïnvloed word. Hierdie proses van aanraking en oorvleueling het teen die twintigste eeu oor die groots moontlike gebied versprei deur die aanwending van die menslike tegniek. Die gevolg is dat die historikus eers teen die end van die negentiende eeu in werklikheid kon begin praat van 'n wêreldgeskiedenis, en dit is eers hier teen die middel van die twintigste eeu wat die historici genoegsame perspektief of afstanddistansiëring kon verkry om te besef dat ons te doen het met aaneengeskakelde groepe wat voortdurend op mekaar inwerk oor die groots moontlike gebiedsoppervlakte nl. die aarde en dat hierdie aanraking die veranderingsrigting oor die gehele oppervlakte gesien, in 'n bepaalde rigting stuur.[33]

'n Bepaalde groep of nasie se geskiedenis kan gevolglik net nie geïsoleerd geskryf word nie, maar die wêreldrigting kan natuurlik nog vanuit 'n bepaalde groep geïnterpreteer word om sodoende vas te stel in hoeverre die bepaalde groep deur die wêreld-as-eenheid binne die geskiedenis beïnvloed word. So kan dr. G. D. Scholtz bv. in sy „Die

33. Kyk bv. Scholtz, G. D.: *Die Stryd om die Wêreld*, Voortrekkerpers, 1962.

Republiek van Suid-Afrika en die nuwe Wêreld" skryf: „Dit behoort wel vir enige redelike mens duidelik te wees dat dit vir die Republiek volkome onmoontlik is om hom van die res van die wêreld te isoleer. Net soos dit met enige ander staat die geval is, sal ook die lotgevalle van die Republiek bepaal word deur wat alles in die toekoms in die wêreld gaan gebeur . . ."[34]

Soos ons hoër op gesê het, het die tempo van verandering gedurende die afgelope honderd-en-vyftig jaar versnel. Hierdie versnelling is teweeg gebring deur die Industriële Rewolusie wat die volke en nasies van die wêreld by mekaar gebring het, wat weer die tempo nog verder versnel het. Die uiteindelike beeld van die wêreld-as-geskiedenis, is byna 'n kopernikaanse beeld van die beweging van die hemelliggame. Elke hemelliggaam is deur die ruimte in beweging en is identifiseerbaar, maar terselfdertyd bepaal elkeen se beweging sy plek in die oneindige ruimte en indien enigeen in sy gang versteur word, of in sy eie wentelbaan deur 'n kataklisme afgewend word, sal die gehele struktuur bestaande uit wentelende liggame in die ruimte uit mekaar spat of tot 'n nuwe ekwilibrium gedwing word.

'n Ander kenmerk van die wêreld-as-geskiedenis (verandering) is dat die kleiner geskiedeniseenhede in hul aanraking met mekaar die neiging getoon het om te polariseer as 'n soort van bewustelike en onbewustelike reaksie op die groep(e) waarmee hulle in aanraking gekom het. Die groter eenhede wat so ontstaan het en waarmee die kleiner eenhede hul geïdentifiseer het, is beperk in aantal. Hierdie groter eenhede waarbinne die kleiner eenhede voortbestaan maar wie se veranderingsrigting deur hul aansluiting by die groter eenhede bepaal is, het nie 'n natuurlike ekwilibrium laat ontstaan nie, maar groter spanning, veral op die punte van aanraking met mekaar soos bv. in Kuba en Indo-Sjina. Dit veroorsaak volgens Cuneo[35] kompulsie of innerlike dwang wat uiteindelik tot oorlog lei. So 'n oorlog wat eintlik as opset 'n oorlog van vernietiging is, het nie as resultaat die vernietiging van die vyand nie, maar alleenlik 'n herbalansering van die groepseenhede. Maar omdat die ruimte waarin die oorloë plaasgevind het, steeds vergroot is totdat dit vandag wêreldwye omvang aangeneem het, en omdat die tegnologie die mens se vermoë om te vernietig ondenkbaar veel vergroot het, is so 'n kritiese verandering indien dit vandag sou plaasvind, kataklismies en hou dit die moontlikheid in om die groter eenhede en beskawingsstrukture wat deur die Geskiedenis ontstaan het, indien nie totaal te vernietig nie, so uitmekaar te skeur dat dit weer gereduseer sal word tot kleiner groepseenhede wat selfs geïsoleerd van voor af 'n eie veranderingsrigting sal opgaan.

Dit is natuurlik bespiegelings, maar die wêreldleiers is so bewus hiervan dat beleid dienooreenkomstig bepaal word. Met ander woorde, die rigting van verandering word bepaal ooreenkomstig die bewustheid van

34. Kyk Scholtz, G. D.: *Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe Wêreld*, p. 11.
35. Cuneo, p. 218.

die leiers van die moontlikheid wat so 'n botsing inhou. Dan land ons weer by die vraagstuk van vrye wil binne die geskiedenisverband terwyl dit hoër op gelyk het of die vrye wil en daarmee gepaardgaande bestaan van die individu binne die groep tot 'n mate ontken word. Die vraag na die vrye wil van die individu binne die geskiedenis (as verandering) is egter nog nie na behore ondersoek nie.

## V

Verandering is dus 'n verifieerbare konstante wat as hipotese empiries vasstelbaar is en nie aan 'n bepaalde plek (ruimte) gebonde is nie. In die algemeen voldoen dit dus aan wat ons onder „wet" verstaan. Cuneo, in sy werk *Science and History*, wat in 1963 verskyn het, meen dat die basiese patroon van die veranderingsproses empiries vasstelbaar is, dat die tempo van verandering geïdentifiseer kan word noudat die gang van die geskiedenis 'n groot genoeg voorwerp van ondersoek in tyd kan oplewer, terwyl historiese tyd verstandelik meetbaar is en deur die sensoriese persepsie van die individu tot grafiese voorstelling gemaak kan word. Die tempo van verandering in tyd en ruimte is dus volgens hom net so maklik om 'n voorstelling van te maak as 'n gewone muurkaart in 'n klaskamer. Wetenskaplike teorieë kan ook op die Geskiedenis van toepassing gemaak word en die insig wat dusdanig verkry word sal beteken dat die historiese verloop voorspelbaar en beheerbaar behoort te wees.

Gevolglik identifiseer Cuneo historiese tyd, ruimte, verandering en veranderingsrigting met hul natuurwetenskaplike ekwivalente en dan rek hy die analogie so 'n klein bietjie verder en transponeer hy die begrippe nasies en ryke na soliede en vloeiende natuurmassas terwyl beskawings molekulêre strukture word, want, beweer hy, dit is 'n hipotese waarbinne die reeds bepaalde materiaal georden kan word. Deur historiese tyd, veranderingsrigting en tempo tot voorstelbare groottes te reduseer word die materiaal dus verobjektiveer en gevolglik hanteerbaar. Die wetenskaplike (scientologiese) metode moet gevolglik op die geskiedenis as geheel toegepas word.[36] Terselfdertyd wys hy daarop of is hy van mening dat sekere patrone, bewegings en ewolusies so gemeenskaplik tot die ondervinding van alle nasies behoort soos ook alle ander vorms waarin die natuur hom voordoen dat die historiese verloop ook meetbaar is in tyd, voorspelbaar en uiteindelik ook kontroleerbaar is.

Die basiese fout wat hy maak, net soos die Positiviste van die negentiende eeu gemaak het, is om die feit dat die menslike denke geneigd is om dieselfde denkpatroon te volg in sy wetenskapbeoefening, soos aan die begin van hierdie artikel wou voorkom, op verskeie onderwerpgebiede te wil projekteer. Die werklike werkwyse tussen die natuurwetenskaplike en bv. die historikus verskil tog geheel en al. Deur analogies te dink

36. Cuneo, p. 11-25.

beteken nog nie dat die toepassing van 'n wetenskaplike metode van die natuurwetenskappe na die sogenaamde geesteswetenskappe oorgeplaas kan word nie. Dit word uiteindelik m.i. 'n kwessie van semantiek: *verandering* in historiese sin kan nooit dieselfde betekenis hê as die *verandering* in bv. die molekulêre struktuur van 'n natuurelement nie. Kontroleerbaar in natuurwetenskaplike sin beteken in werklikheid beheer van die eksperiment (dus funksie) om die aanwesigheid van 'n natuurwet vas te stel. Dit wil sê die wet bestaan in werklikheid buite die mens en is voortdurend *in* die natuur aanwesig, dus objektief, terwyl 'n historiese „wet" soos *verandering* in en uit die mens ontstaan en gevolglik subjektief is, maar tog die objek (voorwerp) van studie kan wees en in dié sin „objektief".

Die mens „maak" gevolglik so 'n wet deur histories te wees. Die natuurwet is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die bestaan van die „natuur". Die mens ontdek alleenlik hierdie wette.

Dr. T. S. van Rooyen.